**WOENSDAG 11 MAART**

**SKRIFGEDEELTE: 2 TIMOTEUS 4:9-18**
**FOKUSGEDEELTE: 2 TIMOTEUS 4:10**

## Demas – Spreek God deur ons of spreek die wêreld deur ons?

Aanvanklik kry ons uit die Skrif goeie getuienisse van Demas, veral hoe hy saam met Paulus in die verkondiging van die evangelie gewerk het. Tydens Paulus se tweede ballingskap verander Demas se gesindheid geheel en al. Van die eerste ywer om diensbaar te wees in God se Koninkryk, verander sy gesindheid na onwilligheid. Paulus is in die gevangenis en hy ly as ’n skuldige onder keiser Nero wat die Christene heftig vervolg het, maar in plaas daarvan dat Demas sy medebroer in nood bystaan, word hy bang en keer hy na Tessalonika terug. Die omstandighede waaronder die Christene gely het, het dit uiters gevaarlik gemaak om met ’n vooraanstaande Christen soos Paulus gesien te word.

Demas keer as’t ware sy rug op die evangelie van verlossing in en deur ons Here, Jesus Christus. Demas het die teenswoordige wêreld liefgekry. Hy is bekoor deur die gees van sy tyd waar daar weelde, vreugde en losbandigheid geheers het. Die Christene daarenteen het uit die onsigbare wêreld met die verwagting van Christus se wederkoms geleef. Teenoor die selfverloëning van die Christene staan die selfverheerliking, die heersug en sug na besittings. Daarom noem Paulus pertinent dat Demas die wêreld liefgekry het. Hy neem ’n vaste besluit om sy diens aan en vir Christus te verlaat.

So bely ons verseker ook gereeld in ons alledaagse lewe dat Jesus Christus ons enigste Saligmaker en Verlosser is. Ons bely dat ons in lewe en in sterwe aan Hom behoort. Daarmee bely ons ook dat ons die dood saam met Hom sal ingaan. Maar sal ons regtig? Dit is baie maklik om te sê dat ons glo, maar as die gevaar begin dreig, as daar van ons geëis word om die Here te verloën of te sterf, hoe sal ons reageer? As Satan in een of ander verleidelike vorm na ons kom sodat ons daardeur ons eie gewete sal moet verkrag, wat sal ons doen? Hoe stewig is ons geloof op die fondament van Jesus Christus Self vasgeanker?

God wil mense in sy diens hier op aarde gebruik. God wil hê dat ons saam met medegelowiges alles in die stryd sal werp om Satan te beveg.

Laat ons egter stry in die geloof. Stry met die krag van die Heilige Gees, want uit onsself kan ons nie. Doen werklik moeite om jou geloof te versterk, dan kan ons verseker wees dat God ons nuttig sal gebruik tot diens en eer aan Hom alleen.

Mag God ons bewaar dat ons nie soos Demas ons rug op Hom draai nie.

*Sing: Psalm 93:1-4 (1936)*

*Ds. MPA (Maarten) Venter (Vryburg)*